NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor Beroepsgesondheid- en Veiligheid

Verwysingsnommer	1P/1.1.3
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
Beleidseienaar	Institusionele Bestuur: Beroepsgesondheids- en Veiligheidsbestuurder
Verantwoordelike departement	IB Beroepsgesondheid- en veiligheid
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	18 September 2009
Wysigings	Hersien in Maart 2013 met 3 redaksionele wysigings
Datum van wysigings	10 Maart 2013
Hersieningsdatum	September 2014
Prosedures in terme van die beleid	
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/index.html
Adres op die beleiddatabasis	Amanda van der Merwe(10935746) R:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\1P-1.1.3-Occupational Health and Safety_a.docm

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor Beroepsgesondheid en Veiligheid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, en met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Beleid oor Beroepsgesondheid en Veiligheid op 18 September 2009 aanvaar.

2 Doelstellings

Die NWU sal deur hierdie beleid:

2.1 sterk leierskap, rigtinggewing en toewyding op die gebied van omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaspekte toon;

2.2 verseker dat ’n konsekwente benadering tot die bestuur van omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede by al die kampusse gevolg word;

2.3 met werknemers en belanghebbendes oorleg pleeg en kommunikeer oor beroepsgesondheids- en veiligheidskwessies;

2.4 die werkmag opvoed en oplei ten opsigte van risikobestuur en gesondheids-, veiligheids- en omgewingsbeginsels;

2.5 ons werknemers se reg respekteer om in ’n omgewing te werk waar hulle voel dat risiko’s toereikend beheer word;

2.6 die gesondheid en welsyn van ons werknemers bevorder;

2.7 omgewings-, gesondheids- en veiligheidsprestasie kan meet en kwaliteitsbeheer verseker; en

2.8 voldoen aan statutêre verpligtinge.

3 Omvang van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeellede van die Universiteit soos toepaslik vir die vereistes van die Universiteit.

Al die bestuurders/departementshoofde/afdelingshoofde/toesighouers/personeellede is verantwoordelik en aanspreeklik vir die verskaffing van ’n veilige werkomgewing vir medewerknemers en belanghebbendes onder hul beheer. Hulle sal dus:

- potensiële gevare identifiseer;
- goed ontwikkelde prosesse, toerusting en prosedures gebruik wat gerugsteun word deur die nodige inligting en instruksies, asook opleiding- en bestuurstelsels, ten einde enige potensieel gevaarlike toestand of risiko te beheer en tot die minimum te beperk, en so die gesondheid en veiligheid by die werk van werknemers, studente, kontrakteurs en besoekers (hierna gesamentlik die betrokke persone genoem) te verseker in soverre dit redelikerwys moontlik is;
- enige potensiële gevare aan die betrokke persone uitwys;
- die nodige beskermende toerusting verskaf wat gebruik moet word vir die doel en aktiwiteit waarvoor dit uitgereik is, en wat nodig is vir die gesondheid en veiligheid van werknemers en belanghebbendes by die werk;
- die vasstelling van gesondheids- en veiligheidstandaarde in verband met die gebruik, hantering, bewaring en vervoer van artikels en gevaarlike stowwe verseker;

- toesien dat die nodige maatreëls en standaarde in die belang van gesondheid en veiligheid behoorlik toegepas word; en
- die doeltreffendheid van gesondheids- en veiligheidsbepalings binne die werkplek moniteer.

4 Leidende beginsels en beleid

Die NWU is voortdurend besig met die ontwikkeling en instandhouding van ’n model- beroepsveiligheids-, gesondheids- en omgewingsprogram en bestuurstelsel. Die bestuurstelsel is gefokus op die voorkoming van en beskerming teen omgewingsbesoedeling, beserings en siekte, en die bevordering van veilige en gesonde optrede en houdings, nie alleen vir die NWU-werknemers nie, maar ook vir ander individue (met inbegrip van maar nie beperk nie tot studente, besoekers, kontrakwerknemers en persone in die omliggende gemeenskap) wat deur sy fasiliteite en bedrywighede geraak mag word.

Die model word gebruik as deel van die NWU se doelwit om te fokus op voortdurende verbetering. Dit word bereik deur die daarstel van ’n doeltreffende moniteringstelsel om data te bekom wat nuttig is vir die evaluering van die bedryf van die program wat betref omvang, toepaslikheid en doeltreffendheid, met inbegrip van ’n jaarlikse evaluering van die algehele program ten einde te bepaal of die teikens en doelwitte daarmee bereik is en of vordering in dié verband gemaak is, of sy beleid en prosedures tersaaklik en toepaslik is, en of sy beleid, regulasies, prosedures en fasiliteite steeds aan nasionale standaarde en wetgewing voldoen, of dit oortref.

Die Universiteit verbind hom daartoe om te voldoen aan al die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en verwante standaarde en/of regulasies, of dit te oortref.

5 Korporatiewe bestuur, bestuursrolle en aanspreeklikhede

5.1 Die Raad is uiteindelik verantwoordelik vir die bestaan en monitering van die implementering van Beleid oor Beroepsgesondheid en Veiligheid.

5.2 Institusionele Bestuur met die Visekanselier as Hoof Uitvoerende Beampte (deur die Institusionele Beroepsgesondheids- en Veiligheidskomitee) is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid ingevolge die nodige prosesstelsels en prosedures op institusionele vlak.

5.3 Kampusbesture (deur die drie Kampusberoepsgesondheids- en -veiligheidskomitees) is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid ingevolge die nodige prosesstelsels en prosedures op kampusvlak.

5.4 Die Gesondheids- en Veiligheidsbestuurder, in samewerking met die Gesondheids- en Veiligheidskoördineerders asook Veiligheidsverteenwoordigers, is verantwoordelik vir die administrasie, implementering en monitering van die gesondheids- en veiligheidsbestuurstelsel.

5.5. Alle NWU-werknemers is verantwoordelik vir Beroepsgesondheid en Veiligheid in hul onmiddellike werkplek en enige ander verantwoordelikheidsgebiede wat aan hulle toevertrou word en bevestig hul verbintenis deur die ondertekening van die ingeslote Beleidsverklaring oor Beroepsgesondheid en Veiligheid (Bylae A).

6 Jaarlikse beleidshersiening

Hierdie beleid sal jaarliks hersien word.

In September 2009 deur die Kampusgesondheids- en -veiligheidskomitees goedgekeur

Op 11 September 2009 deur die Institusionele Gesondheids- en Veiligheidskomitee goedgekeur

Op 14 September 2009 deur die Institusionele Bestuur goedgekeur

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleidsverklaring oor Beroepsgesondheid en Veiligheid

Die Noordwes-Universiteit (NWU) is voortdurend besig met die ontwikkeling en instandhouding van ’n model-beroepsgesondheids-, -veiligheids- en -omgewingsprogram. Hierdie program is gefokus op die voorkoming van en beskerming teen beserings en siektes, omgewingsbesoedeling en die bevordering van veilige en gesonde optrede en houdings vir al die betrokke persone wat deur sy fasiliteite en bedrywighede geraak mag word.

As werknemer van die Noordwes-Universiteit gaan ek hiermee akkoord met die NWU se Beroepsgesondheids- en Veiligheidsbeleid (BGV-beleid) en sal ek:

- sterk leierskap, rigtinggewing en toewyding op die gebied van omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaspekte toon;
- verseker dat ’n konsekwente benadering tot die bestuur van omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede by al die kampusse gevolg word;
- met werknemers en belanghebbendes oorleg pleeg en kommunikeer oor beroepsgesondheids- en veiligheidskwessies;
- die werkmag opvoed en oplei ten opsigte van risikobestuur en gesondheids-, veiligheids- en omgewingsbeginsels;
- ons werknemers se reg respekteer om in ’n omgewing te werk waar hulle voel dat risiko’s toereikend beheer word;
- die gesondheid en welsyn van ons werknemers bevorder;
- omgewings-, gesondheids- en veiligheidsprestasie meet en kwaliteitsbeheer verseker; en
- voldoen aan statutêre verpligtinge wat betrekking het op beroepsgesondheid en veiligheid.

Ek ondersteun die NWU se doelwit om te fokus op voortdurende verbetering, wat bereik word deur die daarstel van ’n doeltreffende BGV-moniteringstelsel om data te bekom wat nuttig is vir die evaluering van die bedryf van die BGV-program wat betref omvang, toepaslikheid en doeltreffendheid, met inbegrip van ’n jaarlikse evaluering van die algehele program ten einde te bepaal of die teikens en doelwitte daarmee bereik is en of vordering in dié verband gemaak is, of sy beleid en prosedures tersaaklik is, en of hierdie beleid, regulasies, prosedures en fasiliteite steeds aan nasionale standaarde en wetgewing voldoen, of dit oortref.

_____ _____

HANDTEKENING DATUM

Huidige gegewens: Amanda van der Merwe(10935746) R:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\1P-1.1.3-Occupational Health and Safety_a.docx
10 March 2013

Verwysingsnommer: 1P-1.1.3